



Sanlam Aftreefondsweb

– Word vandag deel van die virtuele wêreld!

Alles met die druk van 'n knoppie

Het jy geweet dat jy, op enige tyd en op enige plek, op die Sanlam Aftreefondsweb kan sien hoeveel jou aftreefondsbelegging werd is? As 'n lid van die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (USAF), kan jy jou finansiële beplanning vanuit die gerief van jou eie huis doen. Op die Aftreefondsweb kan jy:

- > jou voordele bereken en die aftreerekenaar gebruik
- > sien hoeveel jou fondsbelegging werd is en na jou voordelestaat kyk
- > beleggingsverslae lees
- > 'n lidmaatskapsertifikaat druk
- > na ander inligting oor die fonds kyk

Hoe kom ek op die webwerf?

Besoek die Sanlam Aftreefondsweb by <http://www.retirementfundweb.co.za/>.

Klik op “Login” op die toegangspoort. Dit sal jou na die Aftreefondsweb neem, waar jy sal kan registreer of aanteken:



Dis maklik! Onthou net dat jy nie met jou bestaande besonderhede sal kan aanteken as jy 'n afsonderlike privaat portefeulje by Sanlam het nie. Jy sal weer met nuwe aantekenbesonderhede moet registreer om te kyk hoeveel jou fondsbelegging werd is.

(vervolg op bl.2)



Kyk na die volgende skermskote om jou die webtuiste te help gebruik.

> Teken aan:

Home Register Forms ▼ FAQ Contact Us

Sanlam
Wealthsmiths

Wealthsmiths™

What does it really take?
[FIND OUT MORE](#)

Retirement Fund Web

The Retirement Fund Web provides you with state-of-the-art Retirement Fund administration processes and member communication tools available via the Internet.

If you would like to register as a user on this system, please follow the instructions outlined under the "Register" menu option.

If you have any queries, please use the "Contact us" on the menu.

LOGIN

User Name:

Password:

[Forgot your password ?](#) [LOGIN](#)

Legal
Privacy Policy
Terms of Use
Disclaimer

Forms
Freestanding
Sanlam Umbrella
Sanlam Futura
Preservation

© 2014 Sanlam Employee Benefits. All rights reserved

> Registreer:

Home Register Forms ▼ FAQ Contact Us

Sanlam
Wealthsmiths

Register

Four classes of registration are provided for i.e.: registration of a fund administrator or HR manager, registration of a Viewer, registration of an Individual member and registration of a Financial Institution (Cessions).

Individual Members can register by simply entering their ID numbers and clicking on Register below.

For the other 3 classes of Registration, a form must be completed. The form must be completed in full and faxed to the fax number indicated on the bottom of the form or it can be scanned and emailed to address listed below.

Registration by this process offers our clients the maximum security and control over sensitive personal information.

Member registration

ID Number

FH X H 7 7 ©

Enter the code shown above:

[REGISTER](#)

A member can only register as a user if the Trustees of the Fund and the Employer agreed to grant member access.

Hou tred met fondsbeleggings

– nou makliker as ooit tevore!

Op die Sanlam Aftreefondsweb sal jy ook na die jongste beleggingsverslae kan kyk. Dis maklik en vinnig om te doen.

Gaan na “Forms” in die keuselys aan die linkerkant:



Sanlam
Wealthsmiths

Welcome to Retirement Fund Web

- Online benefit statement
- Membership certificates
- Fund information
- Forms
- News and communication
- Retirement calculator
- Change password
- Log out

Good day,

Personalisation

Do you want to view your member share on the welcome screen ? Yes No

View your investment portfolio chart for your member share ? Yes No

SUBMIT

Kies dan die dokument waarna jy wil kyk:

Any forms not displayed here, are available on the home page (before login).

Forms

Document Description	File Name	Upload Date	Download
Investment Form	Stellenbosch Universiteit_Beleggingskeusevorm_August 2014.pdf	2014/08/19 11:47:21 AM	
	Stellenbosch University_Member Investment Selection Form_August 2014.pdf	2014/08/19 11:47:08 AM	

Laer verdienste op aftreefonds- beleggings verwag

Die trustees van USAF laat die bestuur van die fonds se bates (ledebydraes) aan bekwame batebestuurders oor, wat kan kies om in enige van die beskikbare bateklasse te belê.

Die opbrengs (verdiens) op hierdie beleggings word dan vergelyk met korttermyn- en langtermynprestasiestandaarde om fondsledes die beste moontlike opbrengskoerse te bied.

Die volgende tabel toon die beleggingsprestasie van USAF in vergelyking met inflasie-plus-5% ('n goeie standaard vir langtermyn groei) oor 1, 3 en 5 jaar tot en met 30 Junie 2014:

Tydperk	Opbrengs van USAF (per jaar)	Inflasie-plus-5%
1 jaar	25,13%	11,63%
3 jaar	20,89%	10,94%
5 jaar	18,82%	10,39%

Die opbrengs oor die afgelope of vyf jaar was 8% meer as inflasie-plus-5% (en dus 13% meer as inflasie).


Oor die afgelope 1 en 3 jaar was ons opbrengste selfs nog verder bo inflasie-plus-5% sowel as inflasie. Hierdie goeie prestasie op kort en lang termyn is egter geen waarborg dat die resultate in die toekoms

so goed sal bly nie.

'n Mens moet eerstens in gedagte hou dat die land se ekonomie 'n lae groei koers beleef, werkloosheidsyfers is hoog, en ons nasionale begroting sukkel om in al ons behoeftes te voorsien.

Tweedens is dit normaal vir hierdie soort beleggings om 'n mens tydperke van baie

goeie verdienste (soos ons die afgelope vyf jaar ervaar het) en dan weer tydperke van swakker verdienste te gee. Kyk gerus na die grafiek hieronder, wat toon hoe die Suid-Afrikaanse effektebeurs (aandele mark) oor verskillende tydperke in vergelyking met die inflasie koers presteer het (die syfers word getoon na inflasie afgetrek is).



Prestasie (per jaar) van Suid-Afrikaanse effektebeurs minus die inflasiekoers
Bron: Credit Suisse Global Investment Returns Sourcebook 2014.

Duidelik kan opbrengste baie verskil van tyd tot tyd, selfs oor lang tydperke soos tien jaar. Wat ook duidelik is, is dat tydperke van baie goeie opbrengste dikwels deur tydperke van baie swak opbrengste gevolg word.

Kyk weer na die figuur oor die effektebeurs hierbo. Die “9,2” wat in rooi omkring is links bo beteken dat Suid-Afrikaanse aandele vanaf 1900 tot 1910 9,2% per jaar meer as inflasie verdien het – ’n baie goeie opbrengs. Maar van 1910 tot 1920 (die volgende kolom) het aandele slegs 0,7% meer as inflasie verdien – ’n baie swak opbrengs. Dieselfde het in die paar dekades daarna gebeur. Van 1930 tot 1940 het aandele 14% meer as inflasie verdien – ’n baie goeie opbrengs. Van 1940 tot 1950 het aandele 5,1% meer as inflasie verdien – ’n heelwat swakker opbrengs – en het toe van 1950 tot 1960 selfs verder verswak met ’n verdienste van slegs 2,9% meer as inflasie. So, nes lae verdienste meestal nie vir ewig laag bly nie, kan ’n mens ook nie verwag dat uitstekende verdienste vir ewig uitstekend sal bly nie.

Dit is onmoontlik om presies te sê wat markopbrengste in die toekoms sal wees. Tog is dit belangrik om voorbereid te wees op lae opbrengste op middeltermyn (dit wil sê die volgende vyf jaar).

Wat die lang termyn betref (dit wil sê langer as vyf jaar en nader aan tien jaar), sal opbrengste

op aandele (soos in die tabel hierbo) waarskynlik nader aan 7.4% per jaar wees. Die tabel toon hierdie syfer links onder as die gemiddelde opbrengs per jaar vanaf 1900 tot die middel van 2014. USAF se groeiportefeulje bestaan uit ’n mengsel van bates en mik gevolglik vir ongeveer 5% bo inflasie per jaar wees. Die mengsel van bates help met risikobestuur en word vereis deur regulasie. USAF gebruik ’n lewensfase-model om ledebydraes te belê. Die lewensfasemodel bestaan uit ’n groeiportefeulje en ’n kontantportefeulje.

Die groeiportefeulje (waar lede se bydraes in ’n beleggingstrategie met ’n hoë konsentrasie aandele belê word) bied jou gewoonlik goeie verdienste, maar kan baie onstabiel wees.

Die kontantportefeulje bied jou gewoonlik laer verdienste, maar is meer voorspelbaar. Lede begin in die groeiportefeulje, en daarom sal hulle verdienste hoofsaaklik afhang van wat in die mark gebeur. Maar omdat lede in hierdie portefeulje nog ver van aftrede is, bied dit hulle genoeg tyd om te herstel indien die mark sou daal. Namate lede ouer raak, word hul bydraes stelselmatig geskuif van die groeiportefeulje na die kontantportefeulje versprei.

Wanneer ’n lid normale aftreeouderdom (65 jaar) bereik, sal nagenoeg 48% van sy/haar bydraes in die kontantportefeulje

belê wees, en omtrent 52% steeds in die groeiportefeulje wees. Dit word gedoen om lede teen die onstabieleit van die mark te beskerm. Vanaf 53-jarige ouderdom kan lede ook ’n kapitaalbeskermingsopsie kies, wat beteken dat lede self kan bepaal hoeveel van hul bydraes hulle in watter portefeulje wil belê.

Beleggingsmarkte sal altyd onvoorspelbaar wees. Die onlangse probleme met African Bank het dit net weer bevestig. Maar die prentjie is nie net donker nie. Hierdie dinge het al in die verlede gebeur, en sal ook weer in die toekoms gebeur.

USAF se batebestuurders bestudeer altyd eers die beleggingsmarkte sorgvuldig, en belê dan lede se bydraes op die mees verantwoordelike manier. Daarom is dit nie nodig dat die fonds skielik anders moet begin belê bloot omdat omstandighede verander nie.

Lede van 53 jaar en ouer kan egter wel met hul persoonlike finansiële raadgewers gesels om te bepaal of dit vir hulle persoonlik beter sal wees om van die kapitaalbeskermingsopsie gebruik te maak.

Finansiële Advies aan lede

Vir die trustee raad van USAF is dit baie belangrik dat USAF-lede goeie finansiële advies kry voordat hulle aftree. Daarom het die raad 'n oop tenderproses gevolg om 'n paneel van vyf goedgekeurde diensverskaffers aan te stel. Hulle is soos volg:

Alexander Forbes Financial
Planning Consultants
021 809 3750
wesselsw@forbes.co.za

Graviton
(021) 883-9192
arissik@gravitonwm.com

Verso Investment Services
021 914 8030
martin@verso.co.za

Finfocus
021 861 7000
usafadvies@finfocus.co.za

Sanlam Finansiële Advies
021 947 6025
Kobus.swart@sanlam.co.za

Die dienste van hierdie verskaffers is op die oomblik net beskikbaar vir lede van 55 jaar en ouer, maar kan in die toekoms dalk aan meer lede beskikbaar gestel word. USAF sal die koste van twee sessies met een van hierdie verskaffers dek – een sessie op of bo 55-jarige ouderdom en die ander sessie in die jaar van aftrede.

Al kan lede steeds advies van ander diensverskaffers ontvang, sal USAF slegs vir sessies met een van die goedgekeurde diensverskaffers hierbo betaal.

Lede wat vir die diens in aanmerking kom, kan enige van die vyf diensverskaffers direk kontak om 'n sessie te reël.

Om seker te maak dat die dienslewering en advies van 'n goeie gehalte is, sal die diensverskaffers 'n afskrif van die sessieverslag na Menslike Hulpbronne moet stuur. Sodra Menslike Hulpbronne die verslag ontvang, sal die diensverskaffer betaal word. Volg bloot hierdie maklike stappe om van die diens gebruik te maak:

1. Besluit op 'n diensverskaffer.
2. Kontak Menslike Hulpbronne (Charné Pool, 021 808 9271 of charnep@sun.ac.za) vir jou gratis sessiekoepon.
3. Maak 'n afspraak by jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

T-dag uitgestel

Nasionale Tesourie het op 15 Oktober 2014 aangekondig dat die veranderinge wat as T-dag bekend is, uitgestel word tot 1 Maart 2016 of – as NEDLAC nie teen die middel van 2015 daaroor kan ooreenkom nie – tot 1 Maart 2017.

So, op 1 Maart 2015 ...

- ... sal die huidige reëls oor belastingaftrekkings vir pensioen-, voorsorg- en uittreeannuïteitsfondse dieselfde bly. Al sê die Wet op Inkomstebelasting anders, sal lede nie belasting op die werkgewer se bydraes hoef te betaal nie. Lede sal ook vir eers nie hulle belastingaftrekbare bydraes tot die fonds tot 27,5% van hul salarisse kan verhoog nie.
- ... sal lede van 'n voorsorgfonds nie gedwing word om 'n deel van hulle uitbetaling uit die fonds te gebruik om 'n maandelikse pensioen te koop wanneer hulle aftree nie. Wanneer hulle aftree, sal hulle met ander woorde steeds hulle hele uitbetaling in een groot bedrag kan neem.

Wat is die grootste teleurstelling hiervan?

Die grootste teleurstelling is dat lede nou minstens nog 'n jaar sal moet wag voordat hulle hulle bydraes tot hul fonds tot 27,5% van hulle salarisse (maar beperk tot 'n maksimum van R350 000) kan verhoog én dit van belasting kan aftrek.

Wat sal steeds op 1 Maart 2015 verander?

• Die belasting op ongeskiktheidsvoordele

Vanaf 1 Maart 2015 sal inkomste ná belasting gebruik word om bydraes tot ongeskiktheidspolis te betaal. Uitbetalings uit hierdie polisse word dan belastingvry – ook vir lede wat nou reeds ongeskiktheidsvoordele ontvang.

Die belasting wat op die premie betaal moet word, sal lede se kontantvloei beïnvloed. Daarom kan versekeraars dalk in die toekoms voorstel dat lede wat hoër salarisse verdien hulle totale voordeel verlaag om minder belasting te betaal.

• Tree nou af, neem jou geld later

Nie baie mense verstaan hoeveel hulle kan verloor as hulle vroeg aftree nie. As jy byvoorbeeld jou aftreebelegging vir nog ses jaar na aftrede in die fonds los, kan jou geld verdubbel.

Vanaf 1 Maart 2015 sal lede wat normale aftreeouderdom bereik en moet aftree, kan kies om nie hulle geld dadelik uit die fonds te haal nie, maar om dit in die stelsel te hou terwyl hulle ander werk gaan soek. Op dié manier sal jy jou aftreegeld uit die fonds kan haal wanneer jy regtig gereed is om af te tree of, nog beter, wanneer jy regtig kan bekostig om af te tree. Fondse sal moontlik hulle reëls moet verander om voorsiening te maak vir sulke lede wat kies om hulle belegging 'n rukkie langer in die fonds te hou.

• Belastingvrye beleggings

Vanaf 1 Maart 2015 sal jy tot soveel as R30 000 per jaar, tot 'n maksimum van R500 000 oor jou leeftyd, in 'n belastingvrye spaarrekening kan inbetaal. Die grootste voordeel van hierdie belastingvrye spaarrekening is dat jy oor die algemeen nie belasting sal betaal op die geld wat jy uit die rekening verdien nie. Ons sal jou op hoogte hou van verdere besonderhede oor dié rekening.